

Doeane-beamptes lê beslag op massiewe vonds renosterhorings van 160 kg

Tshwane, 17 Julie 2021 - Doeanebeamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het beslaggelê op 32 stukke renosterhoring van 160 kg by 'n vragtransitoloods by die OR Tambo Internasionale Lughawe vroeër vandag.

Die doeanebeamptes was besig met manifesprofilering met die honde-eenheid by die lughawe toe een van die honde 'n verdagte besending identifiseer, bestem vir Maleisië (Kuala Lumpur).

Die besending was as 'lewende plante' verklaar en het uit agt dele bestaan. Gedurende fisiese inspeksie, het ses bokse tradisionele materiaal bevat wat 32 stukke renosterhoring, in borrelplastiek toegedraai, versteek het.

Die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) se direktoraat vir prioriteitsmisdaadondersoek (Valke) is oor die ontdekking ingelig. 'n Kriminele saak is by die SAPD geregistreer vir verdere ondersoek.

Die laaste renosterhoringbeslagleggings by ORTIA het ingesluit:

- Februarie 2021: Agtien (18) stukke renosterhoring, met 'n gewig van 63 kg, wat as *'HP Cartridges Developers'* verklaar is, onderweg na Maleisië.
- Desember 2020: Sewentien (17) stukke renosterhoring met 'n gewig van 72.4 kg wat in 'n geysers versteek is, onderweg na Maleisië.
- September 2020: Ses (6) stukke renosterhoring, met 'n gewig van 4.9 kg, wat 'koffiebone' verklaar is, onderweg na Maleisië.
- Julie 2020: Een-en-veertig (41) stukke renosterhoring, met 'n gewig van 137 kg, verklaar as 'beeldende kuns', onderweg na Maleisië deur Doha.



Vir meer inligting, kontak SarsMedia@sars.gov.za